WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!
14 JANUARIE 2018

ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

Belangrike datums

21 Januarie	Kategese begin
21 Januarie	Nagmaal in die Kapel 10:00
22 Januarie	Doopgesprekke vir Februarie
28 Januarie	Gesinsdiens 08:00 & 10:00

Eredienste vandag

Kerk 08:00 & 10:00
Dr Neil du Plessis
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Geen
Kapel 10:00
Geen
Kapel 17:30
Ds Hettie Wessels

Eredienste 21 Januarie

Kerk 08:00 & 10:00
Ds Hettie Wessels
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Ilze de Villiers
Kapel 10:00 (Nagmaal)
Ds Hansie Breedt
Kerk 17:30
Ds Ferreira Marais

SENIORS

Silwerhoekie
Geen

Bybelstudies (tydens skoolkwartale)
Dinsdae

- Wilgeheuwel Aftreeoord: Elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand om 15:00 in die gemeenskapsaal.
  Navrae: Ds Theo Marais (082 570 0769) of Les Fischer (082 689 8318).

Woensdae

- Seniors: Elke Woensdag om 9:00 in die Koffiewinkel.
  Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828)
- Harveston Aftreeoord: Elke 2de en 4de Woensdag van die maand om 15:00.
  Navrae: Ds Kobus Sandenbergh (082 451 1671)

Donderdae

- Jakaranda Aftreeoord: Elke 1ste en 3de Donderdag van die maand om 15:00 in die gemeenskapsaal.
  Navrae: Ds Kobus Sandenbergh (082 451 1671) of Piet Pretorius (072 502 8009)

JONGWERKENDES

Die Sewe30's Groeigroep kom Woensdae en Donderdae in die Koffiewinkel byme-kaar. Vir meer inligting kontak Johandie by 7dertig@gmail.com of 083 393 0707

JEUG

KIX KERK
kinders in christus kerk

KIX: Peuterkerk in A5
08:00 & 10:00
KIX: Kleuterkerk (3-6 jaar) in A6
08:00 & 10:00
KIX-kerk (Gr 1 – 6)
08:00 – 09:20
10:00 – 11:20
KIX: 10:00 Engelse klas vir Gr 1 – 6 in K4

Jonk-X (Gr 7 – 11)
18:30
JonkX: 08:00 Dubbelmedium groep in K4

Kontak Ilze de Villiers (Muggie) by 082 789 0621 of jeug@ngweltevreden.co.za vir meer inligting.

LIEF EN LEED

Indien u van enige lidmaat weet wat deur 'n moeilike tyd gaan of siek is, kontak gerus die kerkkantoor of die Leraar aan diens.

Diensleraar
Ds Ferreira Marais 072 804 0621

Direkteur van Versorging (M.Soc. Sc in Maatskaplike Werk)
Alda Boer SMS 083 261 2700

Barnabas diensbeurt
Anna Vimercati 082 785 6932

Voorbidding word gevra vir:
Langtermynversorging

- Gené Brits ontvang behandeling vir Devic's Sindroom. Haar ma Renette se nommer is 083 232 5837.
- Joey en Mike Havenga se broer, Zeeman Botha ontvang bestraling. Mike se nommer is 072 579 9014.
- Darius Botha sterk tuis aan. Sy seun, Derik, ontvang chemoterapie. Sy nommer is 061 415 1061.
- Renske Louw sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 083 627 4004.
- Tannie Susan Jordaan sukkel met haar gesondheid. Oom Jorrie se nommer is 082 312 6926.
- Johan Eloff sukkel met sy gesondheid. Sy nommer is 072 387 9337
- Oom Ernst de Vries kry gereeld dialise. Sy nommer is 082 346 2536.
- Jack Stenekamp word tuis versorg. Sy vrou, Tina, se nommer is 082 406 2088.
- Nadine de Klerk sukkel met haar gesondheid en kry chemoterapie. Haar nommer is 082 773 0822.
- Marius van Niekerk ontvang behandeling. Marius se nommer is 083 554 7752.
- Willie Visagie is gediagnoseer met kanker en het begin met behandeling. Sy nommer is 082 340 4078.
- Lania Smith se ma is gediagnoseer met kanker. Lania se nommer is 083 233 6746.

Ander

- Tannie Bettie Puts sukkel met haar gesondheid. Haa rnommer is 010 596 7323.
- Karen Neumann se tannie is oorlede. Haar nommer is 084 607 1667.
- Estelle Immelman herstel na 'n heup-operasie. Haar nommer is 073 261 9266.
- Chrisna Garbers se swaer is oorlede. Innige simpatie aan die familie. Chrisna se nommer is 082 888 1720.

**Ons nooi jou uit om vir iemand op die Lief en Leed lysie te bid.*

ELEKTRONIESE BETALINGS

Rekeningnaam: NG Weltevreden
Bank: ABSA Clearwater
Takkode: 632005
Reknr: 7 3058 0460
Verwysing: Voorletters+Van+Waarvoor

****Vir jou gerief is die debietordervorm op die webwerf gelaai.***

Snapscan

www.GetSnapScan.com
ng kerk weltevreden

Gebruik SnapScan vir:

- Kollekte
- Dankoffers
- Dankfees, ens.

GROEIGROEPE EN BYBELSTUDIES

Indien enige iemand sou belangstel om by 'n Groeigroep of Bybelstudie in te skakel, kontak asb vir Ds Hettie Wessels by 083 254 6833 of hettie@ngweltevreden.co.za.

Woensdae

- 05:30 vir mans in A1. Dr Neil du Plessis 082 346 5238
- 05:45 vir mans by Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Donderdae

- 08:00 vir vroue in die Koffiewinkel. Ds Hettie Wessels 083 254 6833
- 18:30 Donderdag-kafee vir alle ouderdomme in die Koffiewinkel. Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Saterdae

- 07:00 vir mans in A1. George Louw 082 491 5313

WAT IS NUUS?

Silwerhoekie Jumble Sale

Is jy besig om reg te pak, te sorteer en uit te gooi? Bring asseblief alle klere, skoene, beddegoed, linne, kombuisware, speelgoed ens. wat jy nie meer nodig het nie (maar wat steeds gebruik kan word) na die kerkkantoor. Die Silwerhoekie hou op **3 Maart** 'n Jumble sale en ons waardeer alle artikels wat in 'n bruikbare toestand is.

Nagmaal in die Kapel

Van Januarie af sal Nagmaal een maal per maand tydens die 10:00 erediens in die Kapel bedien word. Nagmaal sal steeds kwartaaliks in die Kerk én die Kapel bedien word. Sien die 2018 kalender vir datums.

Gesinsdienste

Ons wil gesinne uitnooi om op die laaste Sondag van elke maand, die 08:00 en 10:00 eredienste saam met hul kinders, ouers, grootouers, huismaats, gades, ens. by te woon. Gesinne in NG Weltevreden is nie altyd konvensioneel nie, daarom nooi ons jou uit om JOU gesin saam te bring kerk toe. Kinders is baie welkom in die kerk!

Kategese skop af

KIX-kerk en JonkX skop af op Sondag 21 Januarie wanneer registrasie sal plaasvind. Jy kan jou kind solank aanlyn ook registreer deur te gaan na www.ngweltevreden.co.za.

Kostes:

R200 per kind
R400 vir 2 kinders
R500 vir 3 kinders
R600 vir 4 kinders

Gelde kan nog tot einde Maart betaal word.

KIX KERK
kinders in christus kerk

JONKX

Seisoen van Dankbaarheid

Ons Seisoen van Dankbaarheid eindig Februarie. Baie dankie aan elkeen van julle wat reeds 'n bydrae gemaak het, dit word opreg waardeer! Indien jy nog wil dankie sê, kan jy gebruik maak van die koevertjies by die deure en dit in die kollektesakkies plaas. Indien jy 'n EFT doen, maak asb seker dat jou verwysing sê dat dit vir die Dankfees is.

GEMEENTEBRIEF
Januarie 2018

Wees dapper!

Dis 2018! As 'n mens die vorige 2000 jaar uit die prentjie sou haal en jy moes raad gee vir 'n 18-jarige… wat sou jy sê? Dis nogal die vraag waarmee ek ook gesit het toe ek hierdie gemeentebrief moes skryf. Want die begin van 'n nuwe jaar, is nie sommer net nie… dis spesiaal. Soos 'n 18-jarige wat aan die vooraand staan van grootmens word. Ek moes regtig hard dink aan die beste moontlike raad vir ons elkeen hier aan die begin van die nuwe jaar. En toe tref dit my!

In Josua 1:9 is die Here se boodskap aan Josua: "Wees sterk en dapper! Voer al my opdragte uit en jy sal suksesvol wees. Want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan." Hier aan die begin van 2018 kan ek nie aan beter raad dink vir elkeen van ons hier in die Weltevreden-familie as om dapper en vasberade te wees nie.

Ek wonder baie oor tendense. Tendense wys dat ons in hierdie sekulêre wêreld behoort te sukkel om ons kerkbanke vol te hou. Maar keer op keer staan ons verstom hoe die Here in lidmate se harte (en hul beursies) werk, soos wanneer ons een oggend die bankrekening nagaan net om te sien dat iemand 'n groot skenking gemaak het. Ons slaag steeds daarin om 'n rekord-getal kinders in te skryf by iets tradisioneels soos 'n kategese- of belydenisklas. Ons sit by eredienste die kerkbanke vol. Ons kry dit reg om nood in ons omgewing te verlig met die uitdeel van kospakkies en omgeepakkies. Ons kry dit maand na maand reg om nié ons begrote tekort te haal nie, maar die tekort te laat krimp. Tendense wys dit behoort nie so te wees nie.

Is dit omdat ons dapper besluite neem by NG Weltevreden? Vir seker! Ek het al in vergaderings gesit en wonder hoe ons die planne gaan uitvoer wat daar gemaak word. Ek het al benoud wakker geskrik oor finansies. Maar ek was nog nooit vantevore so bewus van God se genade en oorvloed as hier by NG Weltevreden nie. En nee, dis nie omdat hier 'n spul rykes woon nie. Inteendeel, met ons fokus op armoede-verligting is die nood tasbaar naby. 'n Mens is nie noodwendig suksesvol ten spyte van jou mislukkings nie, maar dikwels as gevolg daarvan!

Ek sien 'n gemeente wat saamstaan, wat saam dapper besluite neem en wat saam strewe daarna om aan God gehoorsaam te wees. Die kerkraad en kommissies is sprekende voorbeelde hiervan. Daar word gebid oor moeilike besluite. Van vasberadenheid kan jy hulle niks vertel nie. Met 'n blinde geloof en harte vol dapperheid pak ons 2018 met al haar uitdagings aan! Ek nooi jou uit; nee wag, ek daag jou uit – kom vat hande met ons om dapper besluite met vasberadenheid te neem. Want die Here is hier hard aan die werk in ons omgewing, in ons huise en in ons harte.

Hierdie is jou kerk, jou mense, jou plek! Wees dapper saam met ons vir God se koninkryk! Bly aan God gehoorsaam en jy sal suksesvol wees – nie aardse sukses nie! God ís hier oral by ons om ons te help! Ons sien dit duidelik raak in NG Weltevreden!

Vir 2018 pleit ek by jou om saam met ons te… Lewe vir die Stad… met dapperheid!

Saret Britz
Gemeentebestuurder